**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr. : 3568/2005

In die saak tussen:

**SUSANNA MARIA DU PLESSIS** Applikante

en

**WILLEM ADRIAAN DU PLESSIS** Respondent

---

**UITSPRAAK:** VAN DER MERWE R

---

**AANGEHOOR OP:** 15 SEPTEMBER 2005

---

**GELEWER OP:** 16 SEPTEMBER 2005

---

[1] Hierdie is ‘n aansoek ingevolge Hofreël 43(6) dat die respondent gelas word om ‘n verdere bydrae tot die koste van die applikante te maak in die bedrag van R170 000,00.

[2] Die applikante is die eiseres in die hangende egskeidingsgeding tussen die partye. Die

egskeidingsgeding was voorheen ter rolle geplaas vir verhoor op 25, 26 & 28 Mei 2004. Volgens die getuienis voor my was die verhoorregter nie tevrede met die wyse waarop voorverhoor samesprekings deur die partye gehou is nie. Gevolglik het verdere samesprekings tussen die partye plaasgevind met die bedoeling om die geskilpunte tussen hulle te beperk of beter te omlyn. Daarna, op 26 Mei 2004, is by ooreenkoms gelas dat die saak *sine die* uitegestel word en dat koste van die uitstel oorstaan vir latere beregting.

[3] Die egskeidinggeding is daarna voor my verhoor op 12 en 13 April 2005. Op 13 April 2005 het die applikante se advokaat aangedui dat die applikante vervolgens 'n deskundige getuie, te wete die ouditeur wat 'n forensiese ondersoek van die respondent se geldsake en aanvervante aangeleenthede gedoen het, as 'n getuie wens te roep ondanks die feit dat kennisgewing soos bedoel in hofreël 36(9)(b) eers die vorige middag afgelewer is. Hierteen is namens die respondent beswaar aangeteken en dit het daartoe gelei dat die verhoor *sine die* uitgestel is en die

applikante gelas is om die koste deur die uitstel verkwis, te betaal. Die respondent het egter op daardie stadium en in die stukke tans voor my onderneem om hierdie kostebevel nie af te dwing voor afhandeling van die egskeidingsaksie nie. Volgens die kennisgewing van ter rolle plasing gedateer 13 April 2005 is die saak tans ter rolle geplaas vir verdere verhoor op 8 en 9 November 2005.

[4] Kragtens 'n bevel van 24 April 2003 is by ooreenkoms gelas dat die respondent 'n bydrae tot die koste van die applikante maak in die bedrag van R3 000,00. Op 13 Mei 2004 het die applikante aansoek gedoen vir 'n verdere bydrae tot koste. Volgens die stukke in laasgemelde aansoek, wat voor my geplaas is, is die bedrag van R110 000,00 gevorder, R40 000,00 vir waardasiefooie ten aansien van die respondent se bates, R40 000,00 vir die koste van 'n forensiese ondersoek van respondent se geldsake deur 'n ouditeur en R30 000,00 vir verwagte advokaatsfooie vir die verhoor. 'n Verdere bydrae tot koste in die bedrag van R50 000,00 is egter deur Wright R beveel in gemelde aansoek nommer 2162/2004.

Dit is gemeensaak dat die respondent die bedrag van R53 000,00 aan die applikante betaal het.

[5] Volgens die applikante is ten aansien van die egskeidingsaksie gespesifiseerde uitgawes van byna R93 000,00 reeds aangegaan, (weens 'n optelfout is die bedrag as byna R83 000,00 geneem) beloop prokureursfooie tot hede die bedrag van minstens R75 000,00 en moet 'n bedrag van R65 000,00 se verdere uitgawes aangegaan word vir doeleindes van die nadere voortsetting van die verhoor. Die totaal van hierdie bedrae beloop ongeveer R223 000,00, wat na aftrekking van die bedrag van R53 000,00 reeds betaal, volgens die applikante die bedrag van R170 000,00 wat sy tans as verdere bydrae tot koste vorder, daarstel. Die respondent staan die aansoek heftig teen.

[6] Hofreël 43(6) bepaal soos volg:

> gDie hof kan met dieselfde prosedure sy beslissing wysig as daar 'n wesenlike verandering in die omstandighede van enige een van die partye of van 'n kind ingetree het of as die bydrae tot koste onvoldoende blyk te wees."

[7] Dit is gevolglik duidelik dat 'n aansoek vir 'n verdere bydrae tot koste nie daarvan afhanklik is dat veranderde omstandighede aangetoon moet word nie. Dit volg na my oordeel dat by aansoek om 'n verdere bydrae tot koste ingevolge Hofreël 43(6) in essensie dieselfde toets dan by 'n oorspronklike aansoek van toepassing is. Natuurlik moet by sodanige aansoek om 'n verdere bydrae tot koste rekening gehou word met die invloed wat die vorige aansoek en bevel op die aangeleentheid het.

[8] By 'n uiteensetting van wat hierdie toets is moet myns insiens begin word met die vanselfsprekende, naamlik dat die betrokke applikant aanspraak kan maak op 'n bydrae tot koste en nie op betaling van alle verwagte koste nie, selfs al sou die betrokke respondent dit gemaklik kon betaal. Essensieel moet deur die uitoefening van 'n diskresie bepaal word watter bedrag met inagneming van die omstandighede van elke saak betaal moet word om die applikant in staat te stel om sy/haar saak na behore voor die hof aan te bied.

("... be enabled to present a case adequately before the court.") Die omstandighede van elke saak sluit in die aard van die geskilpunte ter sprake, die relatiewe finansiële posisies van die onderskeie partye en die skaal of vlak waarop elk van die partye die litigasie voer of wens te voer. By uitoefening van die diskresie moet die fundamentele reg tot gelykheid voor die reg ook in oorweging geneem word. Sien in hierdie verband **VAN RIPPEN v VAN RIPPEN** 1949 (4) SA 634 (K) op 638 tot 640; **SERVICE v SERVICE** 1968 (3) SA 526 (D) op 528; **MUHLMANN v MUHLMANN** 1984 (1) SA 413 (W) op 418 G en **CARY v CARY** 1999 (3) SA 615 (K).

[9] Die verpligting om 'n bydrae tot die koste van 'n egskeidingsgeding te maak, spruit voort uit die onderhoudsplig tussen gades. Die uitoefening van 'n diskresie om 'n bydrae tot kostes te gelas, het gevolglik betrekking op beide uitgawes van die prokureur sowel as prokureursfooie. Ook is sodanige uitgawes en prokureursfooie nie beperk tot dit wat op party en party skaal

takseerbaar sou wees nie. Sien **MICKLEM v MICKLEM** 1988 (3) SA 259 (K); **NICHOLSON v NICHOLSON** 1998 (1) SA 48 (W) op 52 B – E en **SENIOR v SENIOR** 1999 (4) SA 955 (W) op 962 H. Ek stem met eerbied verder saam met die beslissing in **CARY v CARY,** *supra* op 621 G – 622 F, naamlik dat by die oorweging van 'n bydrae tot koste nie slegs toekomstige kostes ter sprake is nie. Die teenoorgestelde standpunt, naamlik dat koste wat reeds aangegaan is by 'n aansoek om 'n bydrae tot koste buite rekening gelaat moet word, kom my voor in beginsel verkeerd en kunsmatig te wees. Sien in hierdie verband byvoorbeeld die beredenering in **VAN RIPPEN v VAN RIPPEN**, *supra* op 640. Dit volg dat ek nie saamstem met die standpunt ingeneem in **NICHOLSON v NICHOLSON**, *supra* op 52 I – J en **SENIOR v SENIOR**, *supra* 966 op H – I nie.

[10] Logika, billikheid teenoor die respondent en 'n praktiese toepassing van die gemelde beginsels toon egter myns insiens aan dat by oorweging van 'n aansoek om 'n bydrae

tot koste die klem normaalweg sal val op koste, veral uitgawes, wat daarna aangegaan moet word om die applikant in staat te stel om die geding na behore verder voort te sit of te voer. Dus sal 'n bydrae tot koste myns insiens slegs slaan op koste reeds aangegaan indien daar in die omstandighede van die betrokke saak spesifieke regverdiging daarvoor is, byvoorbeeld waar dit blyk dat fooie reeds opgeloop of uitgawes reeds aangegaan betaal moet word ten einde die applikant in staat te stel om sy/haar saak voldoende voort te sit of waar die rykdom van die respondent en die luukse skaal waarop hy/sy litigeer, dit regverdig. Bogemelde is na my oordeel die ware rede waarom koste reeds aangegaan, soos die koste van 'n interlokutêre aansoek wat reeds gedoen is, dikwels by die bepaling van die gepaste bydrae tot koste buite rekening gelaat word. Sien byvoorbeeld **SERVICE v SERVICE**, *supra* op 528 F.

[11] Ingesluit by die voormelde bedrag van ongeveer R93 000,00 ten aansien van uitgawes reeds aangegaan, wat die

applikant weens 'n berekeningsfout geneem het op ongeveer R83 000,00, is 'n bedrag van R61 867,00 wat advokaatsfooie verteenwoordig ten opsigte van die tydperk vanaf 7 April 2004 tot 26 Mei 2004. Hierdie advokaatsfooie het betrekking op werk gedoen voor die rig van die aansoek om 'n verdere bydrae tot koste onder aansoek nr. 2162/2004 op 13 Mei 2004, sluit in die fooie vir die rig van daardie aansoek en die voorbereidings- en verhoorfooie wat die onderwerp gevorm het van die bevel in daardie aansoek. By die verhoor van 12 en 13 April 2005 het die applikante van 'n ander advokaat gebruik gemaak. Die fooie van hierdie advokaat is nie ingesluit by die onderhawige bedrag nie omdat volgens die applikante die rekeningstaat van die advokaat daarvoor nog nie ontvang is nie. Hierdie bedrag sluit ook in die bedrag van R10 070,47 ten aansien van die maak van afskrifte van dokumente deur die respondent in die egskeidingsaksie blootgelê. Hierdie bedrag, wat op die oog af heeltemal buitensporig voorkom, in die lig daarvan dat insae in die dokumente vooraf geneem kon word, het buitendien betrekking op afskrifte wat gemaak is voor 26 Mei

2004. Ook ingesluit hierby is ‘n rekeningstaat van die ouditeur wat die forensiese ondersoek gedoen het in die bedrag van R10 260.00 en waardasiegelde in die bedrag van R7 000,00. Beide laasgemelde bedrae het die onderwerp gevorm van die vorige aansoek nr. 2162/2004 toe ‘n verdere bydrae tot koste in die bedrag van R50 000,00 toegestaan is. Selfs op die saak van die applikante by die verhoor, naamlik dat die testementêre trust geskep deur die testament van die respondent se vader, as die *alter ego* van die respondent beskou moet word, kan die respondent myns insiens nie as ‘n buitengewone ryk man beskryf word nie en is hy in besonder nie baie likied nie. Die respondent voer ook myns insiens nie die litigasie op ‘n enigsins beduidend meer luukse skaal of vlak dan die applicant nie. Daar is geen aanduiding voor my dat die applikante se prokureurs die saak op enige ander wyse sal voer dan wat dit tot dusver gedoen is, indien die reeds opgelope prokureursfooie van R75 000,00 nie nou betaal word nie. In hierdie omstandighede is ek nie tevrede dat ‘n verdere bydrae tot koste met betrekking tot uitgawes reeds aangegaan en

prokureursfooie reeds opgeloop, gemaak moet word ten einde die applikante instaat te stel om haar saak na behore voort te sit nie.

[12] Die bedrag van R65 000,00 ten aansien van toekomstige uitgawes met betrekking tot die voortsetting van die verhoor gedurende November 2005 word saamgestel uit die bedrag van R40 000,00 ten aansien van advokaatsfooie vir voorbereiding en verhoor, die bedrag van R10 000,00 ten aansien van verdere kostes van die voormelde ouditeur en die bedrag van R15 000,00 ten aansien van koste van sielkundige evaluasie.

[13] Die bedrag van R15 000,00 ten aansien van koste van sielkundige evaluasie is heeltemal ongespesifiseerd. Dit is egter gegrond daarop dat die respondent by wyse van 'n wysiging van die pleitstukke tans van voornemens is om 'n bevel aan te vra dat bewaring van die partye se jonger tienderjarige dogter aan hom toegeken word. Die applikante het reeds haar eie getuienis in die egskeidingsgeding

voltooi. Dit kom my voor dat sodanige sielkundige evaluasie in die onderhawige geval onnodig is. Hoe dit ookal sy, die respondent het in sy antwoordende eedsverklaring hierin onder eed aangebied om die redelike koste van sodanige sielkundige te betaal indien dit aangegaan wou word.

[14] Dit sal onthou word dat die betrokke ouditeur gereed was om getuienis af te lê met betrekking tot sy ondersoek van die geldsake van die respondent en die testamentêre trust, toe die saak op 13 April 2005 uitgestel is. Blykens 'n rekening van die ouditeur gedateer 30 Junie 2005, het sy totale allesinsluitende fooi tot en met bywoon van die hofverrigtinge, die bedrag van R10 260,00 beloop. Dit kan gevolglik nie aanvaar word dat 'n verdere bedrag van R10 000,00 ten aansien van die getuienis van hierdie getuie benodig word nie. Ek aanvaar dat daar wel 'n mindere bedrag betaalbaar sal word met betrekking tot die verdere hofbywoning van die ouditeur, maar het die applikante my nie in staat gestel om 'n oordeel daaroor te vel nie.

[15] Die oorgrote gedeelte van die voorbereiding vir die verhoor is klaarblyklik reeds gedoen. ‘n Mate van verdere voorbereiding sou egter in elk geval onvermydelik gedoen moes word aangesien die verhoor nie op die hofdae waarop dit ter rolle geplaas was gedurende April 2005, voltooi sou word nie. Na oorweging meen ek dat die applikante wel geregtig is op ‘n verdere bydrae tot koste ten opsigte van verdere voorbereiding vir die verhoor, waarvoor ek die bedrag van R10 000,00 toelaat sowel as ten opsigte van die verskyning haar prokureur en advokaat op elk van die eerskomende twee verhoordae. Die advokate is dit eens dat ‘n bedrag van R10 000,00 per dag ten aansien van laasgemelde billik is. Dit word tereg nie deur die respondent aangevoer dat die applikante in staat is om self hiervoor voorsiening te maak nie. Ek meen dus dat ‘n bedrag van R30 000,00 as verdere bydrae tot koste gepas is.

[15] Gevolglik word die volgende bevele gemaak:

1. Die respondent word gelas om ‘n verdere bydrae van R30 000,00 te maak tot die applikante se koste in

saak nr. 6242/2003.

2. Die koste van hierdie aansoek is koste in die hoofgeding.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Namens applikante: Adv. C. van Zyl
In opdrag van:
Honey Prokureurs
BLOEMFONTEIN

Namens respondent: Adv. J.G. Gilliland
In opdrag van:
Rossouws Prokureurs
BLOEMFONTEIN

/em